



SPORT

Impala maak skoonskip!



Tiaan Prinsloo, in een van die talle dryfbewegings wat gelei het tot 'n puik drie.



Ondanks druk, slaag Isak Deetlefs daarin om die bal te laat loop met uitstekende balbeheer.



Die teenstand het verkrummel met Maverick van der Merwe op sy gemak vir nog 'n drie.



Losskakel Berto van Wyk het 'n puik vertoning gelever – sy skop stewels het geblink en hy het met byna 100% slaagsyfer pale toe geskop.



Bruce Muller in volle vaart en reg om die bal te versprei.



Xolani Nkosi is Rustenburg se eie Bryan Habana!



Joe Engelbrecht is behoorlik iemand om mee rekening te hou!



Justin Wheeler het van vooraf gelei.

Rustenburg – Die afgelope naweek, Saterdag 4 Maart 2017, was 'n besondere dag vir die Newrak Impala Rugby klub. Hul oorwinnings was oortuigend. Die Eerste span oorheers die veld met 'n 101-3 oorwinning oor Boksburg se span met Justin Wheeler as *man of the match*. Die manne word *ge-coach* deur Nico Le Roux en Naas Olivier. Maverick van der Merwe en Jacques Ressouw

het behoorlik vir die opposisie ore aangesit met 4 drieë elk. Die Tweedes, die Vikings, het nét so goed gevaar met 'n oorwinning van 91-5 teenoor die Boksburg manne. *Coach Nelis Nel* en Willie Kok is baie trots op die span – veral Dewaldt Havenga wat as *man of the match* aangewys is. Die o/21 span se appel val ook nie ver van die boom af nie, en vermorsel

Boksburg met 'n telling van 69-0. Die naweek, Saterdag, 11 Maart 2017, neem die Newrak Impala Rugby manne deel aan die Assupol semi-finale, na hul oorwinning. Hulle draf teen die Naka Bulle uit op ons tuisveld, en die wedstryde vind plaas om 13h00, 14h45 en 16h30. **Enige iemand wat by die klub wil aansluit, is meer as welkom om die**

welbekende hooffrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299. Die Newrak Impala Rugby klub se jaarvergadering vind plaas op 27 Maart 2017 om 18h30. Alle geregistreerde lede word uitgenooi om die vergadering by te woon. Skakel Naas Olivier, bestuurder van die klub, by 082-926 8403 vir meer inligting.

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!



PLATINUM EVENT DIARY

EVENT NAME	DATE	VENUE	CONTACT NO	EMAIL / WEBSITE
Osbraai (Bees, skaap & hoender) & vele meer!	10 Mar '17	RTB: Hervormde Kerk Rustenburg-Kloof, Manukalaan 108	083-655 6653	ne.ye@telkomsa.net
Albert De Wet by Die Tarentaal Teater	10 Mar '17	RTB: Die Tarentaal Teater, Oorsaakpad (Rex)	079-341 3420	michele@tarentaalteater.co.za
TSKKIA Karate: Extra Kata Class for Grading	11 Mar '17	RTB: Methodist Church (Unie St)	082-463 1073	tskkia@gmail.com
Mom's Morning with Hettie Brittz	11 Mar '17	RTB: Vantage Point RTB, Plot 195, R24 Road	082-542 2198	admin@vantagepoint.za.org
Zinniville Secondary School Gala Event	11 Mar '17	RTB: Rustenburg Civic Centre	014-538 0152	600102359zss@gmail.com
Let's Zumba for Ethan!	11 Mar '17	RTB: NG Kerk Rustenburg Suid	082-772 4379	ngrbsuid@gmail.com
Cycling: Road Cape Town Cycle Tour	12 Mar '17	Cape Town	082-806 4906	rustenburg.cycling@gmail.com
Dan Patlansky by Die Tarentaal Teater	17 Mar '17	RTB: Die Tarentaal Teater, Oorsaakpad (Rex)	079-341 3420	michele@tarentaalteater.co.za
Nicholis Louw by Die Tarentaal Teater	24 Mar '17	RTB: Die Tarentaal Teater, Oorsaakpad (Rex)	079-341 3420	michele@tarentaalteater.co.za